| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaap Hooggeregshof, Kimberley)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **a quo 646 / 2006** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **23/02/2009** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **13/03/2009** |

In die appèl:

**IDADA TRADING (EDMS) BEPERK** **Eerste Appellant**

**POORT BETON (EDMS) BEPERK** **Tweede Appellant**

en

**TOP COAT PROPERTY INVESTMENT 23 (EDMS) BEPERK** **Respondent**

*Coram:* Kgomo, RP, Lacock R, Olivier, R

## UITSPRAAK OP APPÈL

**LACOCK R:**

[1] Op 12 Julie 2002 het die destydse direkteur, mineraalontwikkeling, Kimberley, in die Departement van Minerale en Energie kragtens die toepaslike voorskrifte van onder andere Artikel 9 van die Mineraalwet, Nr. 50 van 1991 'n mynpermit aan die Tweede Appellant (Poort Beton (Edms)

Bpk) uitgereik waarkragtens magtiging aan die Tweede Appellant verleen is om vir "sand en klip" te myn op die eiendom bekend as die Resterende Gedeelte van die Plaas Droogehout, Nr. 442, geleë in die Landdrosdistrik van Barkly-Wes (die eiendom). In werklikheid is hierdie eiendom geleë in die distrik van Gordonia en nie Barkly-Wes nie. Niks draai egter hierom nie. Die geldigheidsduur van hierdie permit het gestrek vanaf die datum van uitreiking tot 11 Julie 2004.

1.1 Op 25 Mei 2006 het die Respondent, die huidige eienaar van die eiendom, by hierdie Hof aansoek gedoen vir, onder andere, die volgende regshulp:-

"*1. Dat dit verklaar word dat die aktiwiteit wat deur die Eerste Respondent alternatiewelik Tweede Respondent alternatiewelik beide Eerste en Tweede Respondent sedert September 2004 op Gedeelte 4 van die plaas Droogehout Nr. 442, Geleë in die Munisipaliteit (van) KHARA HAIS, in die Afdeling GORDONIA, Provinsie Noord-Kaap, verrig word, myn ("mine"), soos bedoel in Wet 28 van 2002, konstateer;*

*2. Dat dit verklaar word dat bogemelde bedrywighede en aktiwiteite, aldus verrig, in stryd*

*is met die bepalings en voorskrifte van Wet 28 van 2002;*

3. *Dat beide Eerste en Tweede Respondent, met onmiddellik effek, verbied word om op die bogemelde eiendom te myn vir enige vorm van mineraal en om enige vorm van myn ("mine") of mynbou ("mining operation") op die gemelde eiendom te beoefen."*

Op 8 Junie 2007 het die Verhoorhof (Molwantwa, WnR – soos sy toe was) die volgende bevel verleen:

"1. *An order declaring that the activities carried out by Poort Beton or both these respondents on Portion 4 of the Farm Droogehout No 442, situate in the Municipal Area of Khara Hais, district Gordonia, Northern Cape, since September 2004, constitute mining as contemplated in the Mineral and Petroleum Resources Development Act No 28 of 2002;*

2. *An order declaring that the operations and activities carried out as aforementioned are in contravention of the provisions of the said Act;*

3. *That Poort Beton be and is hereby forthwith interdicted and restrained from extracting minerals of any kind or to carry out any form of mining operations on the property;*

4. *That Second Respondent (Poort Beton) is ordered to pay 80 % of the applicant's taxed costs; and*

5. *That Third and Fourth respondents (the Minister of Minerals and Energy and the Regional Manager, Northern Cape) are ordered to pay 20 % of the applicant's taxed costs."*

1.2 Met verlof van die Hof ***a quo*** appelleer die Appellante nou teen die geheel van die voormelde bevel.

[2] Dit is nodig om eerstens te handel met enkele preliminêre aspekte alvorens gehandel word met die tersaaklike geskilpunte.

[3] In haar uitspraak het die Verhoorhof onder andere as volg bevind:-

"*1. At a late stage Mr Coetzee, for the companies, after conceding that Poort Beton was in fact involved in mining activities submitted that Idada Trading must therefore be exonerated from all blame as they did not*

> *conduct any mining operations. Mr Wessels, for the applicant, accepted this submission in my view correctly. Reference will here only be made to Idada Trading when it is unavoidable."*

Afgesien daarvan dat dit nou blyk dat die betrokke advokaat nie toegegee het dat die Tweede Appellant mynbedrywighede op die eiendom beoefen nie, strook hierdie bevinding nie met die inhoud van paragraaf 1 van die Bevel nie. Dit was dan ook op die stukke deurgaans ontken dat die Eerste Appellant enigsins betrokke was by enige mynbedrywighede wat op die eiendom verrig is, en dat slegs die Tweede Appellant aldaar sekere handelinge verrig het.

Bygevolg, en soos tereg deur Adv. Wessels toegegee, behoort die appèl van die Eerste Appellant tot die mate waartoe daar in die eerste paragraaf van die bevel van die Hof ***a quo*** na hom verwys is, te slaag. Ek handel hieronder met die effek wat hierdie bevinding op die kostebevel in die appèl het.

[4] Soos reeds sydelings hierbo daarna verwys, het die geleerde Verhoorregter onder die indruk verkeer dat die advokaat namens die Appellant toegegee het dat die Tweede Appellant op die eiendom gemyn het. Hierdie indruk het klaarblyklik op 'n misverstand berus. Aangesien Adv. Wessels nou toegegee het dat die gewaande toegewing nie gemaak was

nie, het ons die appèl benader asof geen sodanige toegewing gemaak was nie.

[5] Adv. Danzfuss namens die Appellant het voorts aangevoer dat die Verhoorhof verkeerdelik gesteun het op die inhoud van die repliserende verklaring, daar die regsverteen-woordigers van die partye – ten einde te voorkom dat die aansoek vir getuienis verwys word weens die feitegeskille – ooreengekom het dat die aansoek bereg kan word sonder inagneming van die repliserende eedsverklarings. Hierdie submissie blyk korrek te wees, en het ek dan ook die appèl benader op die aanvaarding van die beweringe namens die Appellant vervat in die antwoordende eedsverklarings en daardie bewerings vervat in die stawende eedsverklarings wat nie in geskil is nie (**Plascon Evans Paints Ltd v Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd**, 1984(3) SA 623(A) te 634).

[6] Dit bring my by die twee oorblywende en deurslaggewende geskilpunte, naamlik of die Verhoorhof fouteer het deur te bevind dat die mynpermit van die Tweede Appellant kragtens die toepaslike voorskrifte van die Mineral and Petroleum Resources Development Act, No. 28 of 2002 (die Wet) steeds geldig en van krag was ten tye van die loods van die aansoek; en, indien nie, of die Tweede Appellant op die eiendom myn.

[7] Dit is gemeensaak dat:

7.1 die Tweede Appellant regmatiglik die houer was van 'n mynpermit;

7.2 die Tweede Appellant kragtens daardie permit gemagtig was om op die eiendom te myn vir sand en klip;

7.3 die permit uitgereik was kragtens die voorskrifte van Artikel 9(1), gelees met Artikel 9(3)(d), van die Mineraalwet van 1991;

7.4 die Tweede Appellant voor die inwerkingtreding van die Wet 'n vergruisaanleg op die eiendom bedryf het waartydens materiaal (klip en sand) wat van die eiendom (grondstuk) los gemaak is, verwerk is, uit hoofde van die voormelde mynpermit;

7.5 die mynpermit van die Tweede Appellant (sonder inagneming van die voorskrifte van die Wet) sou verval het op 11 Julie 2004;

7.6 die Tweede Appellant op geen stadium voor of na 11 Julie 2004 aansoek gedoen het vir óf die hernuwing van sy mynpermit óf vir die uitreiking van 'n prospekteer- of mynreg kragtens die voorskrifte van die Wet nie; en

7.7 sand en klip, kragtens die voorskrifte van die Wet en die 1991 Mineraalwet, 'n mineraal is.

[8] Die Tweede Appellant voer aan dat, ingevolge die voorskrifte van Artikel 7(1) van die Tweede Skedule (Oorgangsreëlings) tot die Wet (die Skedule) sy voormelde mynpermit regsgeldig bly voortleef het vir 'n periode van 5 (vyf) jaar vanaf die datum waarop die Wet in werking getree het, naamlik 1 Mei 2004, ongeag die vervaldatum van die permit van 11 Julie 2004.

[9] Artikels 7(1), (2) en (8) van die Skedule lees as volg:-

"*(1) Subject to subitems (2) and (8), any old order mining right in force immediately before this Act took effect continues in force for a period not exceeding five years from the date on which this Act took effect subject to the terms and conditions under which it was granted or issued or was deemed to have been granted or issued.*

*(2) A holder of an old order mining right must lodge the right for conversion within the period referred to in subitem (1) at the office of the Regional Manager in whose region the land in question is situated...*

*(8) If the holder fails to lodge the old order mining right for conversion before the expiry of the period referred to in subitem (1), the old order mining right ceases to exist.*"

'n "*old order mining right*" word in Artikel 1 van die Skedule omskryf as "*any mining lease, consent to mine, permission to mine, claim licence, mining authorisation or right listed in Table 2 to this Schedule in force immediately before the date on which this Act took effect and in respect of which mining operations are being conducted.*" Dit is gemeensaak dat die mynpermit uitgereik aan die Tweede Appellant binne hierdie omskrywing val.

9.1 Na my mening blyk die bedoeling van die Wetgewer ondubbelsinnig duidelik uit die bewoording van Artikel 7(1) van die Skedule, en dit is naamlik dat 'n ou orde mynpermit vir nie langer nie as 5 (vyf) jaar na die inwerkingtreding van die Wet geldiglik voortbestaan onderhewig aan dieselfde terme en voorwaardes waaronder dit verleen is. Sou 'n permit dus onder die 1991 Mineraalwet verleen gewees het vir 'n termyn wat sou verval het op 'n datum ná 5 (vyf) jaar nadat die Wet in werking getree het, verval dit nou voor daardie datum, dit wil sê op die vyfde verjaarsdag van die Wet oftewel 30 April 2009. Die bedoeling van die Wetgewer was dus om die lewensduur van 'n ou orde mynpermit te beperk, en nie, soos Adv. Danzfuss betoog, dit te verleng nie. Vandaar die gebruik van die woorde "*not exceeding*" in die tweede reël van die Artikel.

9.2 Op die argumente van Adv. Danzfuss sal dit beteken dat die houer van 'n ou orde permit wat – soos in die geval van die Tweede Appellant – sou verval het ongeveer twee en 'n half maande nadat die Wet in werking getree het daarkragtens kan myn vir 'n verdere periode van ongeveer 4 (vier) jaar en 9 en 'n half maande sonder dat enige owerheidsinstansie (in **casu** die tersaaklike kantoor van die Minister van Minerale en Energie) die geleentheid het om te besin oor die wenslikheid om die permit te verleng, en sonder dat daar voldoen is aan die voorskrifte van die Wet. Die blote feit dat 'n permit vir 'n beperkte periode toegestaan is, is myns insiens aanduidend daarvan dat dit die oogmerk van die verlener daarvan was dat die reg slegs vir daardie beperkte periode uitgeoefen kan word, en dat daar, na verstryking daarvan, ***de novo*** besin sou word of, indien daartoe versoek, dit wenslik is dat dit weer verleng of verleen behoort te word.

9.3 Die Artikel bepaal verder dat die ou orde mynpermit regsgeldig sal voortleef "*subject to the terms and conditions under which it was granted.*" Na my mening kan daar geen twyfel wees nie dat die geldigheidstermyn van 'n permit een van die mees fundamentele terme of voorwaardes is waaronder dit uitgereik is. In ***casu*** was die voorwaarde dat dit sou verval op 11 Julie 2004. Bygevolg het die mynpermit

van die Tweede Appellant op 11 Julie 2004 verval, en kan die Tweede Appellant regtens geen verdere mynaktiwiteite op die eiendom daarkragtens verrig nie.

Vergelyk hieraangaande **McGregor & Another v City of Johannesburg**, 2008(1) SA 308 (HHA).

[10] Adv. Danzfuss het swaar gesteun op die bewoording van Artikel 6(1) van die Skedule en wat as volg lees:-

"*(1) Subject to subitems (2) and (8), any old order prospecting right in force immediately before this Act took effect* *continues in force* *for a period of two years from the date on which this Act took effect subject to the terms and conditions under which it was granted or issued or was deemed to have been granted or issued.*" (my nadruk)

Hy betoog dat, indien die bewoording van die twee artikels en wat tot 'n groot mate ooreenstemmend is, vergelyk word, is dit duidelik dat dit die bedoeling van die Wetgewer was om die geldigheidsduur van die onderskeie regte vir 'n bepaalde periode te verleng: in die geval van 'n prospekteermagtiging tot 2 (twee) jaar ná die inwerkingtreding van die Wet, en in die geval van 'n mynpermit tot 5 (vyf) jaar ná die inwerkingtreding van die Wet. Ek kan nie met hierdie argument saamstem nie.

10.1 Eerstens druis dit, myns insiens, in teen die ondubbelsinnige bewoording van Artikel 7(1) waarmee ek reeds hierbo gehandel het.

10.2 Tweedens kom dit my voor dat die woorde "*...continues in force for a period of two years...*" in Artikel 6(1) aanduidend daarvan is dat die Wetgewer inderdaad in hierdie Artikel, aan die een kant, 'n verlenging van die geldigheidsduur van 'n prospekteerreg in gedagte gehad het. Dat dit so is vind stawing daarin dat, kragtens die voorskrifte van Artikel 6(4) van die 1991 Mineraalwet, 'n prospekteermagtiging primêr vir 'n periode van 12 (twaalf) maande toegestaan kan word, of vir so 'n langer periode as wat die Direkteur: Mineraalontwikkeling mag vasstel. Insoverre hy dus die geldigheidsduur van 'n ou orde prospekteermagtiging vasgestel het vir 'n periode wat sou verstryk na 2 (twee) jaar vanaf die datum waarop die Wet in werking getree het, is daardie reg, aan die ander kant, beperk tot en verval dit twee jaar na die inwerkingtreding van die Wet.

Indien die Wetgewer beoog het dat ook 'n ou orde mynpermit se lewensduur kragtens Artikel 7(1) verleng word, sou verwag gewees het dat dieselfde bewoording van Artikel 6(1), naamlik "*...continues in force for a period of...*", gebesig gewees het. Daarteenoor egter is

die woorde "*...for a period not exceeding...*", gebesig. Soos hierbo gestel, is hierdie woorde, myns insiens, aaduidend daarvan dat die Wetgewer slegs 'n beperkende geldigheidsduur van 'n ou orde mynpermit in gedagte gehad het, en nie ook 'n verlenging van die lewensduur daarvan nie.

[11] Laastens het Adv. Dansfuss gesteun op die uitspraak van **CA Visser Delwerye (Edms) Bpk v Du Plooy**, [2006] 2 All SA 614(NK) waar Olivier, R, die volgende vertolking geheg het aan Artikel 8(1) van die Skedule en wat as volg lees:-

"*(1) Any unused old order right in force immediately before this Act took effect contitnues in force subject to the terms and conditions under which it was granted, acquired or issued or was deemed to have been granted or issued for a period not exceeding one year from the date on which this Act took effect*",

naamlik

"*In terms of section 8 of Schedule II such a right would, after the commencement of the MPRD Act, have remained valid for a period 'not exceeding one year from the date on which this Act took effect' (<u>regardless of the period for which it had originally been issued</u>).*" (te [94]) (my nadruk)

11.1 Hierdie opmerking (en daarmee saam ook die ooeenstemmende opmerking rakende die bepalings van Artikel 7(1)) was obiter, aangesien daar in elk geval in daardie geval ook nie eers vir die maksimum periode vermeld in Artikel 8(1) (een jaar) 'n aansoek om "*conversion*" was nie.

11.2 Die huidige vraag was nie daar ter spake nie, maar vir soverre die opmerking waarna reeds verwys is, strydig sou wees met die slotsom waartoe reeds hierbo gekom is, verskil ons met respek eenparig daarvan.

[12] Uit hoofde van die voorgaande kom ek dus tot die gevolgtrekking dat die Verhoorhof korrek bevind het dat die mynpermit van die Tweede Appellant op 11 Julie 2004 verval het en dat die Tweede Appellant nie gemagtig is om daarkragtens op die eiendom te myn nie.

[13] Laastens, en in die alternatief, betoog Adv. Danzfuss dat die Tweede Appellant in iedere geval nie op die eiendom gemyn het nie. Hy steun hieraangaande op die beweringe vervat in die antwoordende eedsverklaring en wat as volg in sy argumentshoofde opgesom is:-

"*37.1 Tweede appellant het 'n vergruiseraanleg op die eiendom bedryf waartydens klip en sand wat reeds vroeër van die grond losgemaak is, verwerk word.*

*Tweede appellant maak dus nie self klip en sand los van die grond nie, maar vergruis die klip en sand wat reeds bo-op die grond los lê en reeds vroeër van die grond losgemaak is.*

*37.2 Die klip en die sand wat reeds losgemaak is en op die grond opgehoop is, word van mekaar geskei en die klip word in kleiner graderings en sand vergruis.*

*37.3 Die klip en sand is deur tweede appellant voor die inwerkingtreding van die Wet en as houer van die mineraalregte uit hoofde van permit **MP106/2002** ontgin en dus van die grond losgemaak en uitgehaal en opgestapel.*

*37.4 Hierdie proses, naamlik om die klip en sand van die grond los te maak, is teen **September 2003** reeds voltooi.*

*37.5 Die losgemaakte klip en sand was versamel en opgepot.*

*37.6 Al wat die tweede appellant daarna gedoen het was om hierdie voorraad sand en klip wat reeds losgemaak was, en wat van die grond geskei is en*

*wat opgepot was, in die vergruisersaanleg te verwerk.*

*37.7 Daar het voor **1 Mei 2004** 'n proses plaasgevind om die losgemaakte sand en klip deur middel van 'n kruiptrekker te skeurploeg maar dit is gestaak teen die winter van **2005**.*"

13.1 Die woord "mine" word as volg in die Wet omskryf:-

"*when used as a verb, means any operation or activity for the purposes of winning any mineral on, in or under the earth, water or any residue deposit, whether by underground or open working or otherwise <u>and includes any operation or activity incidental thereto</u>;" (my nadruk)*

Adv. Danzfuss argumenteer dat die operatiewe woord in hierdie omskrywing die woord "winning" is. Aldus die betoog het die Tweede Applikant reeds voor die instel van die onderhawige geding die sand en klip ontgin, en val die huidige bedrywighede, naamlik die vergruising van die sand en/of klip, buite die omskrywing van "myn".

13.2 Hierdie argument hou geen rekening met die woorde "*... and includes any operation or activity incidental*

*thereto...*", soos vervat in die woordomskrywing. Die losmaak, oppotting en vergruising van die sand en klip is na my mening so ineenverweef as synde deel van dieselfde proses, dat daar geen ruimte is vir die opbreek van hierdie prosesse ten einde die een as "*myn*", die ander as "*oppotting*" en die ander as "*vergruising*" te klassifiseer nie. In die konteks van die tersaaklike handelinge soos omskryf namens die Tweede Appellant, is ek tevrede dat die oppotting- en vergruisingsprosesse insidenteel is tot die myn van die sand en klip soos in die aangehaalde woordomskrywing bedoel.

Die saak van **Albertonse Stadsraad v Briti BK**, 2003(5) SA 157 (HHA) waarop Adv. Danzfuss steun, is te onderskei van die onderhawige saak. In die Briti-saak het die Hof te make gehad met die omskrywing van "myn" as 'n werkwoord onder die 1991 Mineraalwet, die Engelse teks waarvan as volg gelees het:-

"*used as a verb, the making of any excavation or borhole referred to in paragraph (a) (i) or the exploitation of any mineral deposit in any other manner, for the purose of winning a material, including any prospecting in connection with the winning of such mineral;*". Die woorde "*... includes any operation or*

*activity incidental thereto...*" ontbreek kennelik in die omskrywing van "myn" in hierdie definisie.

13.3 Adv. Danzfuss het ook gesteun op die uitspraak van **R v Blom**, 1951(1) SA 708 (T) waar Roper R, die volgende gesê het,

"*I just want to say that no distinction was drawn in the evidence or has been drawn in argument in this case between the operation of excavating lime stone by quarrying operations and conveying it thereafter to the roasting kilns and the further operation of roasting the lime stone and slaking it and so converting it into lime. It is possible that a distinction may be drawn between these two operations in other cases in which the meaning of 'mining' or a 'mine' is in question.*"

Dit kom my voor dat, soos deur Adv. Wessels betoog, die Wetgewer hierdie moontlike onderskeid tussen die verskillende aktiwiteite juis ondervang het deur die invoeging van die woorde "*... and includes any operation or activity incidental thereto*", in die tersaaklike woordomskrywingsartikel.

13.4 'n Verdere aanduiding in die Wet self dat die Wetgewer ook die verwerking van onder andere sand en klip wou

tuisbring onder die begrip "*myn*", is te vinde in Artikel 28 daarvan. Hierdie Artikel lees as volg:

"*(1) The holder of a mining right or mining permit must, at its registered office or place of business keep proper records of mining activities and proper financial records in connection with the mining activities.*

*(2) The holder of a mining right or mining permit, or the manager <u>of any processing plant</u> operating separately from a mine, must submit to the Director-General -*

*(a) prescribed monthly returns with accurate and correct information and data; and*

*(b) an audited financial report or financial statements reflecting the balance sheet and profit and loss account;*

(c) *an annual report detailing the extent of the holder's compliance with the provisions of section 2(d) and (f), the charter contemplated in section 100 and the social and labour plan.*" (my nadruk)

Die woord "*processing*" word in die woordomskrywingsartikel van die Wet omskryf as

"*...in relation to any mineral, means the winning, extracting, concentrating, refining, calcining, classifying, crushing, screening, washing, reduction, smelting or gasification thereof.*"

Hierdie omskrywing sluit duidelik die aktiwiteite van die Tweede Appellant in, naamlik die vergruising van die sand en klip.

[14] Ek kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat die aktiwiteite van die Tweede Appellant op die eiendom binne die omskrywing van "myn" ("mine") val kragtens die woordomskrywing van die Wet. Dit is gemeensaak dat die Tweede Appellant nie beskik oor 'n magtigting kragtens die Wet verleen om aldus op die eiendom te myn nie, en is die Tweede Appellant dus onregmatiglik besig om aldaar te myn. Die appèl kan vervolgens nie slaag nie.

[15] Dit laat my met die koste van die appèl.

15.1 Die partye is dit eens dat, indien die appèl nie slaag nie, die Tweede Appellant die koste van die Respondent moet betaal.

15.2 Adv. Danzfuss versoek dat die Respondent gelas word om die koste van die Eerste Appellant te betaal aangesien die Eerste Appellant suksesvol appèl aangeteken het teen paragraaf 1 van die bevel van die Hof *a quo*. Hy betoog dat die Respondent van meet af verkeerdelik die Eerste Appellant tot die aansoek gevoeg het.

15.3 Ek is egter van mening dat die Respondent nie onredelik gehandel het deur ook die Eerste Appellant by die verrigtinge te betrek nie.

15.3.1 Dit is gemeensaak dat die Eerste Appellant gedurende Mei 2005 by die Departement van Minerale en Energie aansoek gedoen het vir 'n mynpermit om op die eiendom te myn. Waarom sou die Eerste Appellant nou aansoek doen indien dit geen belang by die mynaktiwiteite van die Tweede Appellant het nie? Dieselfde direkteure dien dan ook op beide direksies van die Appellante.

15.3.2 Op 8 September 2005 skryf die prokureurs van die Appellante aan die prokureurs van die Respondent as volg:-

*"Ons wens op hierdie stadium reeds te ontken dat ons kliënt geen kontraktuele regte het om die plaas Drooggehout, te okkupeer, daarop te myn of klipbreekbedrywighede voort te sit. Ons sal mettertyd in hierdie verband weer aan u berig."*

Aldus die aanhef van die brief is die kliënt Idada Tradings 5 (Pty) Ltd, synde die Eerste Appellant.

15.3.3 Ook op 21 September 2005 skryf dieselfde prokureurs met weereens slegs 'n verwysing na die Eerste Appellant as volg aan die prokureurs van die Respondent:-

*"Dit wil vir ons voorkom, soos telefonies meegedeel, dat met die omskakeling aansoek, ons kliënte wel geregtig sal wees om met mynbou aktiwiteite voort te gaan terwyl die aansoek prosesseer word."*

(verwysende na die voormelde aansoek van die Eerste Appellant vir 'n mynpermit op die eiendom).

15.4 Op hul eie weergawe dus het die Appellante voor die loods van die aansoek die indruk geskep dat die Eerste

Appellant op die eiendom myn. Die Respondent was gevolglik geregtig om ook die Eerste Appellant as 'n party tot die aansoek te voeg.

15.5 In soverre gesê kan word dat die Respondent voor die aanhoor van die appèl afstand kon doen van die bevel van die Hof ***a quo*** teen die Eerste Appellant, meen ek nie dat daardie versuim 'n kostebevel regverdig nie. Die appèl sou steeds sy normale verloop geneem het met of sonder sodanige afstanddoening. Die tyd wat opgeneem is in argument met hierdie aspek, was in iedere geval minimaal.

15.6 Na my mening sal geregtigheid geskied indien geen kostebevel hieraangaande verleen word nie.

[16] Bygevolg sou ek die volgende bevel hierin verleen:-

**1. Die appèl slaag in die mate dat die woorde "*Idada Trading as*" en "*or both these respondents*" in die eerste twee reëls van die bevel van die Verhoorhof deurgehaal word.**

**2. Origens word die appèl afgewys met koste.**

__________________
HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam, en dit word so gelas.

__________________
Kgomo
**REGTER-PRESIDENT**

Ek stem saam.

__________________
CJ Olivier
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens appellant:** | **Adv M. Wessels Sc i.o.v Duncan & Rothman Prokureurs** |
| **Namens respondente:** | **Adv F.W.A. Danzfuss SC i.o.v. Engelsman, Magabane Ing.** |